

Klipwerktuie uit die Oertyd

deur L R Meij

Wees versigtig! 'n Klip is soms meer as net 'n klip. As 'n mens mooi kyk en jy weet waarna om te kyk, sien jy vandag nog soms klipwerktuie in die veld rondlê wat lank gelede deur mense uit die Steentydperk gemaak is.

Die mens bly al van die vroegste tye af hier in ons kontrei. Terwyl die meeste van hulle gebruiksware van destyds met die tyd vergaan het, het daar gelukkig darem van hulle klipwerktuie behoue gebly. En soms ook 'n paar ander artefakte, soos in die bekende nabygeleë Blombosgrot waar omstandighede ideaal was vir die bewaring van been, skulp, volstruiseierdop, oker en sekere plantmateriaal wat die mens gebruik het om te oorleef.

Die oudste werktuie kom uit die Vroeëre Steentydperk (VST). Honderse duisende jare gelede het die mens (*Homo sapiens*) soos ons hom vandag ken, nie hier voorgekom nie. Daar was wel primitiewe mensagtige wesens wat die vaardigheid gehad het om implemente te maak en te gebruik. Aanvanklik net 'n eenvoudige kerie of skerp-gemaakte stok of been, maar later ook handpikke van klip wat hulle blykbaar vir verskeie take gebruik het soos steek, sny, slag, grawe, saag, skraap ens.

Sowat 200 000 jaar gelede verskyn *Homo sapiens* op die toneel met die vaardigheid om gespesialiseerde klipwerktuie te maak. Dié mens het teen dié tyd geweet hoe klip breek en hoe om 'n klipkern vooraf só voor te berei dat die uiteindelijke skilfer wat afspring 'n bepaalde vorm sal hê. As jy dus 'n lem wou hê, maak jy 'n lem; as jy 'n skerp punt wou hê, dan maak jy een; of jy maak 'n skraaper; of 'n burin waarmee jy kan graveer. Stilbaai is onder argeoloë bekend vir sy klipwerktuie uit hierdie tydperk, die Middel Steentydperk (MST), wat waarskynlik so 40 000 gelede ten einde loop.

Baie argeologiese materiaal uit die meer onlangse Latere Steentydperk (LST) lê ook verspreid in die Langebergreeks en langs die kuslyn vanaf die Duiwenhoksrivier tot by die Gouritsrivier. Party daarvan in skulphope, sommige in grotte en ander op die duine. Die volgende getuienis oor die LST bestaan reeds:

- Die mees sigbare getuienis van die LST is die visvymers wat vandag nog in stand gehou word deur van die plaaslike inwoners. Die eerste visvymers was egter reeds daar toe die Portugese in die laat vyftiende en sestiende eeu by ons kus aangedoen het en van die eerste blankes het gesien hoe die Khoi dit gebruik. Die gebruik om vis te vang wat met die sak van die gety vasgekeer word in laaggetypoele of in vymers, is al eeue oud.
- Die ander sigbare getuienis is ou skulphope wat 'n mens oral langs die strand aantref. Dié bevat onder andere die reste van mossels, alikreukels, oesters, visse ens wat 'n groot deel van die sg *Strandlopers* se dieet uitgemaak het. *Strandlopers* is dalk 'n misleidende naam. Hulle was eintlik jagter-versamelaars met 'n omnivoriese dieet (dws hul het ook van vleis en plantaardige veldkos geleef) soos onder andere blyk uit die reste van dassies, wildsbokkies,

- hasies, slange, voëls en ander kleinwild wat in vindplekke soos dié by Blombos aangetref word.
- Nes die MST-mense was die mense van die LST ook baie vaardige vervaardigers van klipwerktuie. Hul implemente is oor die algemeen veel kleiner as dié van die MST, en baiekeer pragtig afgewerk. Dikwels het hulle egter 'n skerp klipskerf net so gebruik sonder enige verdere afwerking, as 'n skraper, 'n lem om wild mee af te slag of selfs gemonteer as 'n punt op 'n pyl. Dié gebruik was tot redelik onlangs toe nog by die San (of Boesman) ook te sien.
 - Ander interessante vondse is
 - * werktuie van been, horing en skulp (bv lemme, else, naalde); van hout (bv graafstokke, spiese, boë, vuurstokke); en van riet, bv pyle en pyltussenstukke)
 - * potskerwe (alhoewel heel primitief)
 - * vlegwerk, tou
 - * kraletjies van volstuisseierdop
 - * verwerkte velle, karosse en klere van vel
 - * oker, wat onder die voorhistoriese sowel as historiese mense populêr was as kleurstof
 - * grafte en menslike skelette wat dui op moontlike verwantskap van die sg *Strandlopers* met sowel San as Khoi.

Nasionale Erfenis Wetgewing

'n Mens vind dikwels klipwerktuie sommer los bo-op die grond in die veld rondlê. Mag jy dit optel? Ja, maar moet dit liefies nie saamneem huistoe nie. Die wet verbied die besit en die versteuring van ongeregisteerde argeologiese materiaal. Plaas dit dus terug waar jy dit gevind het. Dit geld selfs vir argeoloë. Hulle mag geen klipwerktuie versteur sonder toestemming van die *Raad op Nasionale Gedenkwaardighede* nie.

Stel u belang in die argeologie?

Stel u daarin belang om aan te sluit by 'n groepie plaaslike argeologiese belangstellendes wat argeologiese inligting bespreek en versprei, uitstappies reël, voorligting doen, help met navorsing, ens? Skakel Reon Meij by 0287541906 (namens: HVA - HESSEQUA VERENIGING VIR ARGEOLOGIE)